durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

26 April 2020

**26 April 2020**

| | |
|---|---|
| **09:00** | **Familiediens**<br>Regstreeks op YouTube<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Bergsig Studiefonds**

**3 Mei 2020**

| | |
|---|---|
| **09:00** | **Familiediens**<br>Regstreeks op YouTube<br>*Ds. Schalk van Wyk* |

**Deuroffer: Hoop-en-Versoenings-trust**

**BAIE, BAIE DANKIE**
**Vir aanlyn offergawes wat inbetaal word deur aanlyn opsies.**

## WOORD VAN DIE WEEK:

## Oordeel

Wat gaan deur jou gedagtes? Deel met ons by:

**kommunikasie@bergsigdv.co.za / 0715299491**

**Verlede week se woord:**

## Persoonlike Ruimte

Terugvoer:

*Die woord kry nuwe betekenis nadat 'n video die rondte doen van 'n Gesin wat in Du Noon informele nedersetting bly.*

*Die vrou vertel met trots en opgewonde hoe haar een vertrek woning werk en ingerig is vir sewe persone wat daar bly. In afhanklikheid meestal pla die afsondering haar nie eers nie. Sy prys God vir Sy voorsiening.*




7 Ons wat hierdie **skat** in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

8 In alles word ons **verdruk**, maar ons is nie **teneergedruk** nie; ons is oor **raad verleë**, maar nie **radeloos** nie;

9 ons word **vervolg**, maar nie deur God **verlaat** nie, op die **grond neergegooi**, maar nie **vernietig** nie.

10 Die sterwe van Jesus dra ons **altyd saam** in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.

14 Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus uit die dood opgewek het, **ons ook** saam met Jesus sal **opwek** en ons saam met julle voor sy troon sal stel.

Koel kop ... Net moontlik met die krag van God wat alles oortref.

**LOCKDOWN UITDAGING AANVAAR**

Ons hang oorfone aan ons deurknoppe om ons te herinner dat ons ons denke op Hom kan rig, God hoor en ons kan met Hom praat. Groete die Van der Merwe Gesin

**Lees meer hieroor op die agterblad van die nuusbrief.**

## Raadpleeg eerder die Here

Oordeel is 'n nare ding!

Die week verskyn daar verskeie geskrewe stukke in sosiale media van mense wat sê ons ervaar almal verskillende omstandighede terwyl ons dieselfde storm beleef.

Kort daarna lees ek die volgende plasing van 'n skool vriend op Facebook:

"My hart is seer vanoggend, 'n vriendin is positief getoets vir die ou aaklige COVID19 virus...

En.. Wat die seerste maak is mense wat so lelik is!! Hierdie is' n stukkie goud mens, altyd met 'n glimlag op haar gesig en so sagte mens!

Hoekom lelike opmerkings maak? Hoekom nie net ondersteun..' n sagte, bemoedigende boodskap stuur? Jy maak die lelikste opmerkings op sosiale media en die ergste is jy ken nie die omstandighede! Hierdie virus kan oor ENIGE een van ons se pad kom. Ons HOEF nie almal se name te weet (die kontakte word opgevolg), ons MAG nie lelike opmerkings maak wat ons WEL MAG doen is omgee, ondersteun en bid!

Mag ons in die tyd nog meer waaksaam optree om te dink voor ons dinge sê en hoe ons dinge doen.

Mag ons die Here eerder allereers raadpleeg.

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

**Vir die wat vergeet het wat 'n geloofsgelofte-offer (GGO) is, net 'n vinnige herinnering:**

Met GGO-donasies maak gelowiges aan God 'n belofte deur 'n bedrag aan Hom te beloof, bo en behalwe hul normale dankoffer.


Hul betaal die donasie maandeliks of eenmalig. God vra dat ons Hom dan vertrou om die bo-en-behalwe donasie vir ons te skenk om weer aan Hom te gee vir Koninkrykswerk. Ons belowe en verbind ons in geloof daartoe nog voordat ons daaroor beskik en vertrou God.

Sien onder hoe die GGO donasies aangewend is vir die afgelope boekjaar.

## OORSIG GELOOFSGELOFTE–OFFERS (GGO) VIR 2019/2020

GGO-donasies deur gemeentelede is die hoof bron van finansies ter ondersteuning van Bergsig-uitreike. Die GGO-projek in Bergsig het sy ontstaan gehad in 1997. Dit het stelselmatig gegroei oor die afgelope twee dekades en kon ons die afgelope finansiele jaar **R974 024** verdeel tussen ons uitreike.

**Die totale verspreiding van bogenoemde bedrag was as volg:**




| | | |
|---|---|---|
| Totaal aan projekte / instansies binne Suid-Afrika | R394102 | 40.5% |
| Totaal Afrika (buite Suid-Afrika) | R182717 | 18.8% |
| Totaal Afrika ( Suid-Afrika ingesluit) | R576819 | 59.3% |
| Totaal Ander Kontinente (Buite Afrika) | R390205 | 40.0% |
| Totaal ander ondersteuning en administrasie | R7000 | 0.7% |
| **Groot Totaal** | **R974024** | **100.0%** |

Die GGO-verdeling per projek / instansie vir 2019/20 is beskikbaar vir belangstellendes vanaf Annamaré Visser, Bergsig se Uitreike-koördineerder.

Ons opregte dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie projek seën en in stand hou ter ondersteuning van Sy Koninkrykswerk. 'n Groot dankie en waardering aan elke Bergsig GGO-donateur vir jou getroue voortgesette ondersteuning. "Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig" Fil.4:18

**Bergsig GGO-donateurs word vriendelik herinner om alle elektroniese GGO-donasies altyd duidelik in die verwysingsveld met 'n "GGO"-verwysing te merk ten einde dit van Bergsig dankoffers / bydraes te onderskei, aangesien dieselfde bankrekening vir beide tipe ontvangstes gebruik word. Hartlik dankie.**

## WE ARE NOT IN THE SAME BOAT ...

I heard that we are all in the same boat, but it's not like that. We are in the same storm, but not in the same boat. Your ship could be shipwrecked and mine might not be. Or vice versa.

For some, quarantine is optimal. A moment of reflection, of re-connection, easy in flip flops, with a cocktail or coffee. For others, this is a desperate financial & family crisis.

For some that live alone they're facing endless loneliness. While for others it is peace, rest & time with their mother, father, sons & daughters.

With the $600 weekly increase in unemployment some are bringing in more money to their households than they were working. Others are working more hours for less money due to pay cuts or loss in sales.

Some families of 4 just received $3400 from the stimulus while other families of 4 saw $0.

Some were concerned about getting a certain candy for Easter while others were concerned if there would be enough bread, milk and eggs for the weekend.

Some want to go back to work because they don't qualify for unemployment and are running out of money. Others want to kill those who break the quarantine.

Some are home spending 2-3 hours/day helping their child with online schooling while others are spending 2-3 hours/day to educate their children on top of a 10-12 hour workday.

Some have experienced the near death of the virus, some have already lost someone from it and some are not sure if their loved ones are going to make it. Others don't believe this is a big deal.

Some have faith in God and expect miracles during this 2020. Others say the worst is yet to come.

So, friends, we are not in the same boat. We are going through a time when our perceptions and needs are completely different.

Each of us will emerge, in our own way, from this storm. It is very important to see beyond what is seen at first glance. Not just looking, actually seeing.

We are all on different ships during this storm experiencing a very different journey.

So think before you lash out and make judgments! PLEASE be kind. We ARE all struggling in some way!!

*UNKNOWN AUTHOR*


Die stukkie is wyd versprei die afgelope tyd en ons dit deel dit graag met die Gemeente om daaroor na te dink.




Bergsig het 'n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

Raak deel van die groep veral nou as jy baie alleen voel. Die leraars is beskikbaar om jul te bedien - al is dit per telefoon.

## KNIELTYD




### 'n Gebed vir die Wêreldwye Kerk

Here God,
Dankie dat ons tans deel van die wêreldwye kerk kan wees. Dankie vir die geleentheid om u liefde en hoop te verkondig aan 'n wêreld wat in duisternis en wanhoop leef.

U Woord sê as U volk berou toon en bid en vra na u wil en terugdraai van hulle bose weë af, sal U na hulle luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

Ons, U volk, vra dus u vergifnis vir die kere wat ons gekies het om nie die mense wat U in ons midde gebring het, lief te hê nie.
Laat U kerk in hierdie tyd versterk word en ons herinner aan hoe lief U hierdie gekweste wêreld het.

Genees asseblief ons land en gebruik ons om in die behoeftes van ander te voorsien. Laat groei ons geloof terwyl U u wêreldwye kerk laat groei. Kom, Here Jesus, en doen wat slegs U kan doen.
In Jesus se Naam, amen.

# GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Daar is baie maniere om selfs gedurende die tyd van afsondering by ons as Gemeente ingeskakel te bly, die gemeenskap van die Gelowiges is baie belangrik:

Besoek gerus Durbanville-Bergsig se web: **www.bergsigdv.co.za** vir algemene inligting.

**Vind en "like" ons op Facebook**

**Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers**

Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene **WhatsApp groepe** stuur jou naam en nommer na: 071 529 9491 of klik op die skakel om te "join:

https://chat.whatsapp.com/EahShOVHw1zKC0ZLyGd1mp

Om Sondae regstreeks in te skakel op die **YouTube kanaal** om 9:00 na eredienste te lustier klik hier:

https://bit.ly/DurbanvilleBergsigYouTube

Databasis: Dateer selfoon en e-pos adres op sodat ons gemaklik met jou kan kommunikeer: **kommunikasie@bergsigdv.co.za**

As jy nuut is by Bergsig en ons aanlyn gevind het voel vry om in te skakel:

Skakel gerus ons is steeds hier vir jou in die moeilike tydperk.

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.

Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

# Oor Maskers en Menswees

**Braam Hanekom**

Dit lyk of daar 'n groeiende konsensus onder medici is oor die dra van gesigmaskers. Jy beskerm daarmee nie noodwendig jouself nie, maar wel moontlik ander. Jy moet egter die masker reg gebruik en gereeld was. Daarby moet jy nie maskers dra wat moontlik deur gesondheidswerkers gebruik sou kon word nie. Daar word bespiegel oor die moontlikheid dat wanneer die inperking gedeeltelik opgehef word, maskers, soos in Tsjeggo-Slowakye, verpligtend sal wees.

Ek moet sê, dit is nogal 'n vreemde, amper onwerklike, ervaring om mense so met maskers op straat te sien. Tog is maskers niks nuuts nie. Dit is deur eeue op verskillende maniere gebruik. Van oorloë tot partytjies. Van die kunste tot in operasiesale. Wat maskers wel doen, is om die identiteit van die draer ten minste gedeeltelik te verberg. Die bekende Zorro en Phantom of the Opera is hier goeie voorbeelde. Daar is `n fassinerende, misterieuse kant aan maskers wat mense kan aantrek. Daar het egter oor tyd ook 'n ander gedagte ontstaan - ons almal dra maskers, sonder dat ons dit fisies dra. Daar word 'n staaltjie vertel dat Sokrates jare gelede een aand met 'n lamp die stad ingevaar het. Hy het dan van persoon tot persoon gestap, die lig naby aan hul gesig gebring en dan, terwyl hy sy kop geskud het, uitgeroep: Ek soek 'n mens, maar al wat ek sien is maskers!

Os Guinness het reeds in 1973 in sy boek, The Dust of Death, kritiek gelewer op 'n samelewing wat op soek was na ekstreme humanisme en utopie. Hy het dit in werklikheid die "ontkleedans van humanisme" genoem, `n proses wat die mens nie meer menslik gelaat het nie, maar "naak" en sonder 'n toekoms. Die groeiende hooploosheid wat ons onder die jeug sien, onderstreep dit. Wat Guinness in 1973 teen gewaarsku het, het in baie opsigte waar geword: `n identiteitslose, toekomslose, hooplose en onmenswaardige wêreld.

Op `n vreemde manier sien ons die kulminasie hiervan in COVID-19. Maskers, wat lank vir kuns en pret bedoel was, het nou 'n krampagtige poging geword om ons toekoms te red. Die pad van individualisme, waarop ons reeds vir so lank was, het 'n kulminasie gevind in isolasie en sosiale afstand. Waar laat dit ons? Die onverwagse neweproduk van Covid-19 is dat ons geforseer is om veel dieper na te dink oor feitlik alles. Ook oor wie ons is en vir mekaar moet wees. Vir my is die sleutelwoord: egtheid. Jy sien, ons kan sonder maskers rondloop en steeds maskers dra. Ons kan egter ook fisies maskers dra en meer oop vir mekaar wees as wat ons voorheen was.

**Daar bly iets kosbaars wat ons steeds met mekaar kan verbind. Ons oë. Ons onderskat dit. Mag ons met 'n liefdevolle lag en 'n deernisvolle kyk in ons oë na mekaar bly kyk. Juis in hierdie gemaskerde dae.**



## Graanendal

Graanendal het op 20 Mei hulle Koffie Fellowship hervat deur die gebruik van Zoom, 'n aanlyn platform. In hierdie uitdagende tyd is ons vreeslik dankbaar om deur tegnologie nogsteeds na mekaar te kan luister en saam te kan gesels oor die Woord en mekaar te bemoedig. Ons gaan voort met ons 3 maandelikse Fellowships in die Zoom formaat tot ons weer by Curro Uitzicht bymekaar kan kom.

## Regeneration - Senior Jeug planne vir nou




Ons senior jeugbediening het tydens die eerste maand van die "LockDown" deur middel van Zoom en WhatsApp kontak behou met ons tieners en leiers.

Ons was wel gelukkig dat die eerste deel van die "LockDown" tydens die oorspronklike skoolvakansie plaas gevind het. Ons is egter gereed om so effektief moontlik voort te gaan met die volgende fase van die "LockDown".

Ons gaan vanaf 3 Mei begin om die @6 Diens via Youtube te Livestream om 18:00. Ons begin ook 'n nuwe drie weke reeks "Hy hou nogsteeds die hele wêreld in Sy hand".

Dit bly baie relevant vir die tyd waarin ons, onself bevind. In hierdie tyd het ons regtig ons ouers nodig om ons te help met die bediening en sal daar oor die loop van tyd direk met ouers geskakel word deur WhatsApp oor hoe saam met ons kan hande vat.

Indien daar enige ouers is wat nie deel is van die Regeneration Ouers WhatsApp groep nie vra ons dat hulle asb A.rno sal kontak by seniorjeug@bergsigdv.co.za

## TERUGVOER VAN DIE STRATE AF



Durbanville help sop kook en dit word geneem na die haweloses wat op een punt in Bellville versamel is tydens die afsonderings tydperk. Die week is 450 liter sop geneem na MES ter ondersteuning. Hiermee 'n GROOT dankie aan elkeen wat help kook.#mesbellville #deelhoop

Daar is nog mense wat graag wil help en nie weet hoe om te help nie. Volg die stappe om deel te wees van die sop kook groep:
1) Stuur e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za om te laat weet jy gaan kook en hoeveel liter jy gaan kook.
2) Kook op 'n Sondag/Maandag oggend die sop en bring dit warm / louwarm.
3)Aflewering 14:00 - 14:30 op 'n Maandag middag by
El Shaddai kerk op die hoek van Langeberg Rd & Lords Walk, Durbanville
4)Sop kan in jou pot gebring word. Dit word oorgegooi in emmers wat die sop makliker vervoer na MES.
5)Maak seker dat alle sosiale afsondering riglyne gevolg word met die aflaai. Geen drukkies en handskud nie, maskers en skoon hande asb. en 'n glimlag met die oë.

**Wat gebeur intussen met ons eie Durbanville straatmense**?
Alle straatmense in die Stad is veronderstel om na sentrale versamelpunte geskuif te word. Soos enige ander person het hulle egter hulle voorkeure en afkeure en weier van hulle om te skuif. U sal sien dat daar heelwat bekende gesigte in die strate van Durbanville is. Hulle kry baie swaar en is baie kere honger. Ons is bewus van die meeste van hierdie mense.
Daar is 'n interkerklike groep wat elke aand 'n ete aan hulle verskaf.Bergsig lidmate kan help met voorbereiding en bediening. Skakel Annamaré vir meer inligting.

Indien u een van hulle sien, kan u bemoedig (mense is baie oop vir geestelike gesprekke op die oomblik) en selfs iets gee om te eet. Die sopkombuis is nie oop nie, dit is 'n reëling van die Stad. **Moet asb nie geld gee** nie. Verduidelik dit ook asb aan die persoon dat dit tydelik is wat u so uitreik, en dat wanneer die sopkombuis weer oop is, ons weer ten volle sal terugkeer na die kaartjie stelsel. Vertrou u Jesus hart hierin en wees asb veilig.

**MES in Bellville**
Benodig op die oomblik baie vrywilligers. Onder andere vir die afhaal van donasies. Hulle verskaf die nodige permitte. Indien u enigsins hiermee kan help kontak asb vir Annelie 0768128277.






Glowkidz kuier elke Dinsdag en Donderdag om 15:00. So lyk dit as ons kuier. 'n Unieke uitnodiging word voor elke kuiergeleentheid aan ouers gestuur om sekuriteit te verseker. Hierdie uitnodiging word via epos en whatsapp aan alle geregistreerde Glowkidz se ouers gestuur.

Voorwaar pret via tegnologie.










**Lockdown uitdaging**

Verlede Sondag het ons tydens die erediens die gemeente gevra om iets uit te dink oor hoe ons eerste ding in die oggend ons gedagtes gaan rig op God in plaas van die telefoon te gryp of eers te gaan koffie maak ens. Gemeentelede moes mekaar "challenge" deur iets anders te doen as gewoonlik om hul te herinner daaraan bv. om iets op te hang in hul huis, of wol oral te span, of 'n armbandjie te dra. Die Odendaal gesin het heelwat ander lidmate uitgedaag om dit te doen. Hulle het oral kruisies in die huis opgeplak.

**Gesinslewe tydens die afsonderingstydperk lyk anders ...**



Die Steenkamp gesin stof hul Sushi maak "skills" af en slaag baie goed hierin.




Gesinne oefen, stap of hardloop om-en-om die huis.



Daar word gehekel en gebrei en ons glo hierna gaan die volgende generasies die kuns vorentoe kan vat.



Die Kamffer seuns doen getrou skoolwerk en ma's leer om juffrouens te wees.

Deel gerus met ons wat jul doen




Ilse Fritz (Ontvangs & Plaasfees) besig met werk tuis.

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527